



NG Gemeente, Rietfontein-Suid, Pretoria
Taakspan vir Kinders: Junior Kategese & Kleuterkerk



Sleutels vir Lewe

SLEUTEL 9 - Geloof

1 Timoteus 6:12 In die goeie wedloop van die geloof moet jy al jou kragte inspan en die ewige lewe as prys behaal

Die wêreld sê:

Loop die maklike breë pad hemel toe

Jesus sê:

Die pad na die hemel toe is nou en die wat ingaan is min

Besprekingspunte

Snelweë is vinnig en maklik. Daar is ongelukkig ook baie meer ongelukke en jy ry so vinnig dat jy nie die mooi goed langs die pad kan sien nie.

Grondpaaie is rustig en daar is tyd om die mooi goed langs die pad raak te sien. Lewe is soos 'n wedren - dis moeilik en mens moet gereeld oefen en die reëls nakom, die regte toerusting gebruik en die regte klere dra. 'n Wedren het ook 'n prys aan die einde: 'n toekenning dat jy die eindbestemming bereik het.

Ons is ook besig met die wedren van die lewe en dit is eers klaar as Jesus weer kom. Gelukkig het ons die Heilige Gees om ons te help, sodat ons nooit alleen hoef te wees nie. Ons beloning is 'n kroon in die hemel!

Storie: "Hy het homself gekul" uit KOM ONS VERTEL STORIES deur JC de Ferrieres (Tant Sannie), 1974

Iets om huis toe te neem

Maak 'n kroon en versier dit met mooi blink stene.

Skryf by: Die beloning vir geloof is die ewige lewe!

Elke week

Sleutels sluit iets oop ... Byvoorbeeld: Slotte, deure, kluis, hekke, motors, skatkis, ens.

Dit verteenwoordig keuses waarvoor jy te staan kom in die lewe.

Jy het die keuse watter sleutel jy in die lewe gebruik om wat oop te sluit. Dit bepaal waarheen jy gaan, wat jy ontdek en die gevolge van jou keuse.

Jesus se Sleutels vir Lewe verskil van die wêreld se sleutels.

Wie is die wêreld?

Dit is nie net onbekendes nie. Dit is ook ons maats of vriende, partykeer grootmense wat ons leer ken. Eintlik is dit almal wat nie mooi verstaan dat Jesus se Sleutels vir Lewe anders is nie.

Alles vir God se goedkeuring en glimlag!